## Jag-avonture van die Trekker A.H. Stander

Adriaan Hendrik Stander was 'n Trekker wat in 1841 vanuit die Kaap-kolonie, in die Vrystaat aangekom het. Hy het aktief deelgeneem aan die Engelse-oorlog teen sir Harry Smith, is deur laasgenoemde in die tronk gesit saam met ander Afrikaners omdat hulle teen die anneksasie van die Vrystaat in opstand gekom het.

Later, na die slag van Boomplaats is daar 'n prys op sy kop geplaas en moes hy, sy vrou en kinders uit die Vrystaat vlug, na die Transvaalse distrik Marico. Waar hulle 5 jaar lank gebly het, daar het die Geelkoors hulle verdryf.

Na nog vele trekke is hulle na die plaas Grootverlang, in die Hoëveld teen die Vaalrivier. Standerton is op sy plaas, Grootverlang, aangelê, en na hom vernoem. Die onderstaande jagavonture is soos vertel deur sy oudste seun, JH Stander, in 1912.

................................

In Marico het hy rustig gewoon, en baie gejag, want hy was weer totaal uitgeroei. In dié dae was die wêreld nog woes en vol van allerlei soorte grootwild. Op 'n goeie dag was hy laat uit gewees om 'n hartbees te gaan skiet, en was, met die hartbees op die perd gelaai, oppad huis toe toe 'n leeumannetjie hom teëloop.

Sy enigste skoot het hy reeds gebruik om die hartbees te skiet, en hy kon dus geen teenstand bied nie, maar hy was nie meer ver van die huis af nie, en skreeu so hard hy kan na die kinders om vuur te bring. Die vuur is kort daarna gebring, die leeu verjaag en die vleis veilig teruggekry.

Die leeu moes egter vreeslik uitgehonger gewees het, want skaars was die swartes besig om die hartbees af te slag, toe die leeu skielik oor die skerm spring, die hartbees vasgryp en daarmee afsit veld-toe.

Die swartes agtervolg hom toe met vuur stompe, en kry op dié manier darem weer die vleis terug. Maar die leeu hardloop toe vir 'n naburige swart-stat, en spring daar onverwags tussen hulle in. Die swartes vlug almal uit die stat uit, en maak buitekant groot vure, terwyl hulle vir Vader laat weet dat die leeu hul stat beset het.

Dit was egter al te donker om met die leeu te gaan spook, en eers die volgende oggend is Vader daarheen met nog vier ander bure. Moeilo, die kaptein, verseker hulle dat die leeu nog in die stat is, en dit blyk ook dat hy daar vyf bokke, twee beeste en twee honde doodgebyt en gedeeltelik opgevreet het. Die leeu kon hulle egter nie dadelik kry nie, maar die swartes omsingel die stat en die vyf man gaan in.

Eindelik sien hulle dat die leeu besig was om uit te rus in 'n verlate hut wat 'n bietjie eenkant-toe staan. My vader neem 'n klip op met die bedoeling om dit daarin te gooi, maar net toe hy die klip opraap, spring die leeu uit en gryp hom aan die arm en baadjie.

Hy ruk die baadjie heeltemal af, en Vader val neer; maar die ander kry kans om te skiet en die leeu vlug in die ruigte wat daar in die nabyheid groei, in. Niemand wis egter of die dier dood is nie, en met die soek word nog 'n grappie gemaak toe my vader die leeu gekry het.

"Sien jy hom, neef Adriaan?" vra een van die bure, wat maar bietjie lugtig was van aard.

"Kom hiernatoe, neef Hans," antwoord my vader, "dit lyk my of hy daar kort agter jou in die ruigte roer."

Neef Hans gee sonder verwyl pad na my vader toe, en net toe hy aanland, trap my vader die dooie leeu in die lies, wat soos bekend is, die laaste lug uit sy binneste druk, en laat hom nog 'n laaste brul gee.

Toe hulle later almal om die leeumannetjie staan, merk Petrus Welmans op: "Neef Hans, ek wéét jy is nie bang nie, maar jou broek bewe só dat jy hom bepaald vir 'n ander moet ruil!"

---

Ongeveer 'n vyftien dae na hierdie gebeurtenis het my vader 'n eienaardige avontuur met 'n leeumannetjie gehad, wat in sy soort miskien 'n enigste is.

Dit was op 'n Sondag-môre, en hy ry na bure, die Joubert's, toe hy onverwags (en ongewapen) deur 'n leeumannetjie langs die pad aangeval word. Die leeu spring hom bo van die perd af, die perd hol 'n entjie weg, en toe haak die teuels aan 'n stomp, sodat hy moes bystaan.

Die perd was erg verskrik, maar 'n ou skietperd.

Die leeu loop Vader storm, waar hy nog op die grond lê en hom maar hou asof hy dood is. Die ondier byt hom toe werklik ook nie, maar spring op hom, trap hom met sy sware pote en rol oor hom, terwyl hy die perd ook heeltemal met rus laat.

Af en toe staan die leeu van hom af op en loop so 'n entjie weg; naderhand merk vader op hoe daar telkens kraaie opvlieg van die plek af waar die leeu heen hol.

Maar dan kom die dier weer terug, en trap hom van voor af. Dit het hy 'n keer of wat herhaal toe vader besluit om, as hy weer na die kraaie toe gaan, op te spring en te maak dat hy op die perd kom.

Hy het toe eers 'n entjie nader gerol, en die volgende keer toe die leeu so 'n entjie wag was, spring vader in die saal en jaag so hard as hy kon. Hy was vreeslik gekneus, sodat dit hom 'n week of wat in die bed gekos het.

Eers later het hy verneem dat die Joubert's daar op dieselfde plek dié mannetjie se wyfie doodgeskiet het – die kring het nog gelê waar die kraaie telkens opgevlieg het.

---

Met 'n buffel het Vader ook 'n eienaardige avontuur gehad. Hy kwes 'n groot bul, en moes onmiddelik daarna hardloop vir sy lewe. Hy sien naderhand dat dit hom sou ontgeld, en hy maak vir 'n boom. Maar kon niks meer doen as net sy geweer weggooi en 'n tak gryp nie, toe die verwoede dier onder hom was.

Die buffel gooi hom met sy kop hoog in die lug, maar hy kom gelukkig in die mik van 'n boom te lande. Buite die bereik van die dier, wat toe daaronder staan en blaas en brul. Daar is die buffel toe doodgeskiet deur Andries Welmans.

Van steen-of kliphuise was in dié dae geen sprake nie. Die mense het meestal hartbeeshuisies gebou, dikwels van riet en klei, omdat hulle nooit baie lank op dieselfde plek gewoon het nie. So was ook die huis wat vader en ons bewoon het in Marico. Selfs ook die deure daarvan was van riet en klei gemaak.

Op ‘n sekere nag dring ‘n yslike luislang by die deur in, en kom tot by die voete van die kinders, wat in die voorhuis slaap. Daar was ook ‘n hondjie by hulle, en die slang krul hom om die hondjie, wat naderhand vreeslik begin tjank het.

Die ou-mense het daarvan wakker geword, en gebied die kinders om die hond uit te jaag. Hulle sou dit doen, toe hulle agterkom dat daar iets anders aan die gang was. Hulle steek die kers op, en sien die vreeslike ding daar opgerol lê, met die hondjie!

Vader het die slang daar in die huis doodgeskiet en hom uitgesleep, maar die volgende oggend het hy nog beweeg, en toe sien hulle dat hy agttien voet lank was!

............................................

Bron:

Voortrekkermense III; deur Gustav Preller; 1922.